

**Sing vooraf staande: Psalm 119:10, 15 (p. 588)**

- 10 Weer my voet van leuenpaaie / en verleen my, HEER, u wet,  
my wat kies die weg van waarheid / en wat U verorden het.  
Gee my hoop, en ek sal lewe, / troos, en weg is my gekwel!  
Gaan met weldaad voor, dan volg ek, / dan betrag ek u bevel.
- 15 Wees, o HEER, nou tog gedagtig / aan die woord, die fondament  
van die hoop en heilsverwagting / wat my troos in my ellend.  
Of ek al vir trotse mense / dwaas is en tot spotterny –  
nogtans het ek aan u woorde / stil my wandel toegewy.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

**Psalm 84:3, 6 (p. 425)**

- 3 Welsalig is die mensekind / wat al sy sterkte<sup>in</sup> U mag vind,  
en op mag gaan na Sions hoogte. / Wanneer hul haas van dors verkwyn,  
dan is die HEER self hul fontein / waar dorsland smag van somerdroogte.  
Ook sal 'n reën hul daar oordek / wat hul tot nuwe lewe wek.
- 6 'n Son en skild is onse HEER; / Hy sal genade gee en eer,  
want Hy word nooit sy woord ontroou nie: / Hy sal aan almal wat opreg  
Hom dien en wandel in sy weg, / die goeie nimmermeer onthou nie.  
Welsalig, HEER, wie op U bou, / aan U geheel hom toevertrou.

Gebed

**Skrifberyming 12-2:4, 5 (27:4, 5)**

- 4 Ek geloof, met stille<sup>aan</sup>bidning, / in die Heil'ge Gees wat my / in my sondedood gewek het,  
my as Trooster leer en lei. / Ek geloof 'n heil'ge eenheid, / wêreldwyd, in Christus een,  
wat sy roepstem sal vergader, / deur die lange eeue heen.
- 5 Ek geloof aan die gemeenskap / heilige verbintenis / van wie almal saam 'n eenheid,  
in hul Heer een liggaam is. Ek geloof die skuldvergewing, / weeropstanding van die vlees,  
en 'n lewe<sup>in</sup> eewige duurte, / as die dood nie meer sal wees.

**Skriflesing:** Handeling 5:1-11; Johannes 14:15-31;

Heidelbergse Kategismus, Sondag 20

**Kernvers:** Handeling 5:3-4; Johannes 14:16-17

**Toe sê Petrus: Ananías, waarom het die Satan jou hart vervul om vir die Heilige Gees te lieg en van die prys van die grond agter te hou? As dit nie verkoop was nie, het dit nie joue gebly nie? En toe dit verkoop is, was dit nie in jou mag nie? Waarom is dit dat jy hierdie saak in jou hart voorgeneem het? Jy het nie vir mense gelieg nie, maar vir God.**

(Handeling 5:3-4 AFR53)

**En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid: die Gees van die waarheid wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie; maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees.**

(Johannes 14:16-17 AFR53)

## Heidelbergse Kategismus

### Vraag 53

#### **Wat glo jy van die Heilige Gees?**

*Antwoord:*

*Ten eerste is Hy saam met die Vader en die Seun ware en ewige God (a). Ten tweede is Hy ook aan my gegee (b) sodat Hy my deur 'n ware geloof aan Christus en al sy weldade deel laat kry (c), my troos (d) en ewig by my bly (e).*

*(a) 1 Joh 5:7; Gen 1:2; Jes 48:16; 1 Kor 3:16; 6:19; Hand 5:3, 4. (b) Gal 4:6; Matt 28:19, 20; 2 Kor 1:22; Efes 1:13. (c) Gal 3:14; 1 Pet 1:2; 1 Kor 6:17. (d) Joh 15:26; Hand 9:31. (e) Joh 14:16; 1 Per 4:14.*

**Tema:** God die Heilige Gees 'n Gawe aan ons en 'n Gewer vir ons

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, in Sondag 8 het ons al bely dat ons enigste, lewende God die Drie-enige God is. Dit is immers wat ons ook Sondag na Sondag in die drie dele van die Twaalf Artikels bely, naamlik God die Vader en ons skepping, God die Seun en ons verlossing en God die Heilige Gees en ons heiligmaking. In Sondag 9 en 10 het ons in detail gesê wat ons bedoel met ons belydenis oor God die Vader en ons skepping. Vanaf Sondag 11 tot 19 het ons haarfyn gesê wat ons met elkeen van die artikels bedoel wat oor God die Seun en ons verlossing handel. Nou kom ons by die laaste vyf artikels wat handel oor God die Heilige Gees en ons heiligmaking.

In Sondag 20 bely ons eers wat ons van God die Heilige Gees self glo. Daarna, in die volgende twee Sondagafdelings kom ons in meer besonderhede uit by die werking van die Heilige Gees en ook die middele wat Hy gebruik. Wanneer ons in Sondag 20 bely wat ons van die Heilige Gees glo, is daar twee sake: (1) God die Heilige Gees is 'n Gawe aan ons gelowiges, en (2) Hy is ook 'n Gewer wat ons aan die hemelse gawes deel laat kry.

Die Heilige Gees is 'n Gawe aan die kerk van Christus. Dieselfde God wat sy Seun as Middelaar en Verlosser aan ons gegee het, gee ook sy Heilige Gees as Heiligmaker aan sy kerk. Met die Seun se koms as Middelaar en Verlosser van God se volk het God self by sy volk vir Hom 'n woon- en werkplek kom maak. Jesus Christus is waarlik Immanuel, God by ons. Maar God wil dit nog verder vat. Hy wil nie net by sy volk wees nie, Hy wil binne-in hulle wees. Deur die Heilige Gees kom woon God self in die midde van sy kerk en in die harte van al die gelowiges. Om die grootsheid van hierdie werk van God aan en binne-in ons nog duideliker raak te sien, moet ons aan die hand van ons Kategismus op die volgende sake let: Die Heilige Gees is 'n Persoon, Hy is waarlik God en Hy is 'n Gawe van die Vader en die Seun aan die kerk in geheel en aan elke gelowige afsonderlik.

Van die vroegste tye af in die kerk se bestaan was daar mense wat die Heilige Gees slegs as 'n Goddelike krag bestempel het. Hierdie gedagtes oor die Heilige Gees het nog glad nie uitgesterf nie. Die mense wat hulle onder die onchristelike bewind van die Jehovas-getuies bevind en hierdie bewind bevorder, sê tot vandag toe dat die Heilige Gees maar net 'n heilige, Goddelike krag is. Ons Christene verstaan egter op grond van God se openbaring dat die Heilige Gees 'n Persoon is. Hy is die Derde Persoon in die Goddelike Drie-eenheid. As ons sê dat Hy die derde Persoon is, bedoel ons nie dat Hy derde in rang staan nie, maar die derde Persoon wat Homself aan ons openbaar.

Dat die Heilige Gees 'n Persoon is, blyk duidelik uit die Skrif wanneer ons van die Heilige Gees geleer word. Ons kyk na enkele Skrifgedeeltes:

- Toe die gemeente in Antiogië in Sirië **op 'n keer weer bymekaar was om die Here te dien en te vas, het die Heilige Gees gesê: “Sonder Barnabas en Saulus vir My af om die werk te doen waarvoor Ek hulle geroep het.”** (Handelinge 13:2 AFR83)  
In hierdie woorde hoor ons dat die Heilige Gees 'n wil het. Hy wil vir Paulus en Barnabas gebruik om die evangelie van Jesus Christus aan die heidene te verkondig.
- In Romeine 8 lees ons:  
**En God, wat die harte deurgrond, weet wat die bedoeling van die Gees is, want Hy pleit, volgens die wil van God, vir die gelowiges.** (Romeine 8:27 AFR83)  
Die Heilige Gees het 'n bedoeling – Hy kan met woorde sy begeerte oordra – en Hy bid vir die gelowiges.
- Wanneer gelowiges sonde doen, word die Heilige Gees bedroef. Daarom waarsku Paulus die gemeente in Efese:  
**En moenie die Heilige Gees van God bedroef nie, want Hy het julle as die eiendom van God beseël met die oog op die verlossingsdag.** (Efesiërs 4:30 AFR83)  
Die Heilige Gees is voortdurend besig om gelowiges heilig te maak – gereed te maak – om die ewige koninkryk van God in te gaan. Wanneer hulle sonde doen, is dit soos om die heilige werk van die Heilige Gees omver te gooi deur weer terug te keer na die sonde toe.
- Ons Here Jesus leer ons ook dat mense die Heilige Gees kan laster en teen Hom sondig. Toe die Fariseërs gesê het dat Jesus duiwels met die hulp van Beëlsebul uitdryf, het Hy vir hulle gesê dat hulle teen die Heilige Gees gelaster het. Teen hulle betewete in het die Fariseërs die werk van God die Heilige Gees afgemaak as die duiwel se eie werk (Matt 12:22-32). Hierdie misdaad staan ook bekend as die sonde teen die Heilige Gees.

Al hierdie dinge kan tog nie van 'n krag gesê word nie, want 'n krag moet van 'n bron af uitgaan en kan nie op sy eie bestaan nie. Dit is tog net 'n lewende Persoon wat 'n wil het en wat kan bid en wat bedroef kan word. Slegs 'n lewende Persoon kan beledig word en belieg word. Daarom, op grond van die Here se uitsprake oor die Heilige Gees, kan ons sonder twyfel glo en bely dat die Heilige Gees 'n lewende Persoon in die Goddelike Drie-eenheid is.

Ons bely verder dat die Heilige Gees **saam met die Vader en die Seun ware en ewige God** is. Met hierdie woorde skakel ons nogeens enige gedagte aan rangorde in die Wese van God uit. Die Heilige Gees is, om dit so plat te sê, op gelyke voet met die Vader en die Seun wat sy Godheid betref. Hy is ewig God saam met die Vader en die Seun. Ons hoor van die Gees se ewigheid juis wanneer God sy werk by die skepping openbaar. Reeds voor die skepping was die Heilige Gees al daar, want net nadat God die hemel en die aarde geskep het, hoor ons:

**En die aarde was woest en leeg, en duisternis was op die wêreldvloed, en die Gees van God het gesweef op die waters.** (Genesis 1:2 AFR53)

En wanneer Petrus vir Ananias bestraf, sê hy eers dat Ananias vir die Heilige Gees gelieg het en direk daarna sê hy dat Ananias nie vir mense nie maar vir God gelieg het (Hand 5:3, 4). Daar bestaan geen twyfel dat die Heilige Gees ware en ewige God is nie.

Hoor u, geliefdes, en besef u die grootsheid van God se werk wanneer ons bely dat ons in die Heilige Gees glo. Hoewel die Heilige Gees ware en ewige God is, stel Hy Homself in

die hande van die Vader en die Seun wat Hom gee, stuur en uitstort om binne-in die kerk van die Here te woon. God self maak van 'n sondeaar vir wie Jesus aan die kruis gesterf het, sy woonplek. As ons ooit gedink het dat ons niks werd is nie en niks beteken nie, kan ons nou maar al daardie gedagtes oor onself laat vaar. God het ons waardig geag om deur die Heilige Gees in ons te woon.

Die Heilige Gees het ook nie op sy eie gekom nie. Hy is 'n Gawe van die Vader en die Seun. Trouens, Jesus sê self dat Hy eers na die hemel moet opvaar voordat die Heilige Gees na die kerk kan kom (Joh 16:7). En wanneer Hy in die hemel by sy Vader is, sal Hy sy Vader vra, en sy Vader sal die Heilige Gees, die ander Trooster, na die kerk toe stuur (Joh 14:16). Later in hierdie selfde gesprek van Jesus waarvan ons in Johannes 14 gelees het, sê Jesus dat Hy self die Heilige Gees na sy kerk stuur (Joh 16:7).

So is die gawe van die Heilige Gees 'n daad van die Vader en die Seun. Die uitstorting van die Heilige Gees is die bekroning van Christus se werk as Middelaar en Verlosser. Die feit dat die Heilige Gees nou hier in ons teenwoordig is, is Christus se eie bewys dat Hy nou in die hemel is, en ons sal weldra hoor hoe die Gees Christus se verlossingswerk verder bekroon.

Die Vader en die Seun het ook nie hulle Gees sommer net oor die aarde uitgestort om maar rond te swerf nie. Ons het dit nou al gesê: Die Here het sy Heilige Gees aan sy kerk gegee, soos Jesus ook aan sy dissipels beloof het. Die kerk ontvang die Heilige Gees en nie die wêreld nie. Slegs hulle wat aan God behoort omdat Christus hulle van die heerskappy van die duivel losgekoop het, kry die Heilige Gees as 'n Gawe. Op Pinksterdag het die Here hierdie belofte waargemaak. Die Heilige Gees het in die kerk van die Here kom woon, want hulle het Hom verwag, maar die ongelowiges het dit nie verstaan nie. Intendeel, hulle het met die gebeure in Jerusalem gespot en gesê die gelowiges is dronk. Die wêreld kan die Gees nie ontvang nie omdat hulle Hom nie sien of ken nie.

Geliefdes, ons God is 'n persoonlike God. Hy werk met elke kind van Hom persoonlik. Daarom gaan ons belydenis verder. Die Heilige Gees is nie maar net in die midde van die kerk nie. Hy is ook nie net in die kerk wanneer al die gelowiges bymekaar is nie. Hy is in elke gelowige se hart. Daarom moet en kan elkeen van ons bely: Die Heilige Gees **is ook aan my gegee**.

Is die Heilige Gees werklik ook aan my en jou gegee? Maar ons het dan nie op die grond neergeval en allerhande ongewone dinge begin doen soos in tale praat, of wondergenesings laat gebeur nie. Broers, susters en kinders, wat party mense doen en deur middel van die media gepropageer word, moet nie as die enigste manier van die Heilige Gees se werk gesien en verstaan word nie. Dat die Heilige Gees so kan werk, is ook so, want Hy is God. Maar dat Hy altyd so wil werk, is te bevraagteken, nie omdat ons Gereformeerdes daaraan twyfel nie, maar omdat die Here dit self so in die Bybel openbaar.

Ons sien en beleef die Heilige Gees se verborge maar kragtige werk wanneer ons van harte berou het oor ons sonde omdat Hy ons van die sonde oortuig het. Die verlange wat daar in ons brand om met God deur Christus versoen te word, die blydschap van die geloof, die krag en troos wat ons in tye van krisis beleef, dit alles is die werk van die Heilige Gees wat aan ons gegee is om ewig by ons te bly.

Dit bring ons dan by die werk van die Heilige Gees as Gewer in ons lewens. Ons bely aangaande die Heilige Gees se werk as Gewer die volgende: **sodat Hy my deur 'n ware geloof aan Christus en al sy weldade deel laat kry, my troos en ewig by my bly.**

Die Heilige Gees gee Christus en al sy weldade aan ons. Dit gebeur deur die ware geloof wat die Heilige Gees in ons harte werk. Ons moet dit baie goed besef. Christus se sterwe aan die kruis, sy opstanding uit die graf en sy hemelvaart en al die weldade van sondevergifnis en ewige lewe wat Hy verwerf het, is dinge wat buitekant onself plaasgevind het. As die Heilige Gees al hierdie dinge nie deur die ware geloof aan ons meedeel nie, sal ons net toeskouers daarvan bly. En vir ons persoonlik sal dit net mooi niks beteken nie.

Die geloof is egter die hande wat die Heilige Gees aan ons gee sodat ons Christus en al sy weldade in ontvangs kan neem. Deur die geloof maak die Gees Christus en alles wat met Hom saamgaan deel van ons persoonlike lewe. Is dit nie 'n troosryke liefdesdaad van God nie, geliefdes? Jesus Christus gee sy Heilige Gees aan sy kerk en aan elke ware gelowige, en die Heilige Gees gee weer op sy beurt Christus aan sy kerk en aan elke ware gelowige. Die Vader maak dus dubbel seker dat sy kinders wat Hy uitgekies wel by Hom sal uitkom deur Jesus Christus.

Dat die Heilige Gees deur die ware geloof Christus en al sy weldade aan elke ware gelowige gee, is nie maar net 'n wens wat ons in ons harte koester nie. Die Here belowe dat die Heilige Gees dit aan elke ware kind van Hom sal doen. In ons doopformulier hoor ons hierdie belofte aan elke kind wat gedoop word: **Net so ook as ons in die Naam van die Heilige Gees gedoop word, verseker die Heilige Gees ons deur hierdie heilige sakrament dat Hy in ons wil woon en ons tot lidmate van Christus wil heilig deur tot ons eiendom te maak wat ons in Christus het, naamlik die afwassing van die sondes en die daaglikse vernuwing van ons lewe, totdat ons eindelijk onder die gemeente van die uitverkorenes in die ewige lewe vlekkeloos gestel sal word.**

Die Heilige Gees se werk as Gewer is ook heeltemal in lyn met die Vader en die Seun se werk. Hy werk nie totaal anders nie, maar werk só dat ons verseker kan weet dit is die Heilige Gees van God wat in ons werk. Daarom werk Hy ook so dat ons kan toets of die werk regtig uit God se Gees is of nie. Hy werk deur middel van die Woord en die sakramente. Jesus sê vir ons die Heilige Gees sal ons alles leer en herinner aan alles wat Hy vir sy kerk sê (Joh 14:26). En wat Christus vir sy kerk gesê het om te weet, is in die Woord opgeteken. Daarom hoef ons nie te wag dat die Heilige Gees ons iets moet leer buite of los van die Bybel nie.

Dit is immers deur middel van die Woord wat gelees en gehoor word dat die Heilige Gees Jesus Christus aan ons wys as ons enigste Redder, Verlosser en Saligmaker. Deur middel van die Woord bewerk Hy ook die geloof in ons harte, en deur middel van dieselfde Woord versterk Hy ons geloof. Verder vermaan Hy ons met die Woord om volgens God se wil te lewe. Uit die Woord vertrou en bemoedig die Gees ons en Hy leer ons en staan ons by sodat ons vrugte van geloof en bekering kan voortbring. Dit is deur die Gees se werk in ons dat ons lewe uiterlik kan lyk soos iemand wat aan God in Christus behoort. Met die sakramente versterk die Heilige Gees ons geloof deur ook ons sien-, voel- en proe-sintuie te gebruik. Daardeur wil Hy aan ons meer die sekerheid gee van ons verlossing en in ons groter ywer werk om God te dien.

Wanneer ons ons geloof in die Heilige Gees bely, lê ons besondere klem daarop dat die Heilige Gees ons troos. Hoe doen Hy dit? Hy troos ons beslis nie met mooi klinkende maar niksseggende woorde en uitdrukkings soos dat elke donker wolk 'n silwer rand het nie –

wat in elk geval ook nie waar is nie! Nee, as die Heilige Gees ons troos, doen Hy dit met 'n Persoon, met Jesus Christus.

- As ek treur na die dood van 'n dierbare troos Hy deur my te verseker dat Christus die dood oorwin het.
- As ek swaarkry deur die verdrukking en verleiding van die wêreld en die aanvegtings van die Satan, wys die Gees my daarop dat Christus die wêreld en die Satan oorwin het en oor hulle heerskappy voer.
- As die eensaamheid ons wil oorweldig, wys die Gees ons op die versekering van Christus dat Hy met en by ons is al die dae van ons lewe.
- As die een skok op die ander ons tref en ons begin dink dat God ons verlaat en verstoot het, is dit die Gees wat ons verseker dat ons ter wille van Christus kinders van God is en erfgename van die ewige lewe.

Omdat die Vader en die Seun Hulle aan ons verbind het en hierdie verbintenis ook met die inwoning van die Heilige Gees aan ons verseël, kan ons tot die Here bid dat die Heilige Gees ons nog meer en meer sal beheers sodat ons van al hierdie werk altyd verseker bly. En omdat die Heilige Gees as Gawe van God aan elkeen van ons gegee is en ons sy werk voortdurend as Gewer persoonlik beleef, moet ons die Here sonder ophou loof en dank.

**Amen!**

Slotgebed

Skrifberyming 8-1:1, 2 (14:1, 2)

- 1 "Water sal ek op hul sprinkel, / water uit 'n springfontein".  
En van alle onreinhede / was die HEER sy volk dan rein.  
"Nuwe harte gee 'k aan julle, / en Ek gee 'n nuwe gees;  
'k sal die hart van klip verwyder, / aan jul gee 'n hart van vlees.
- 2 "'k gee my Heil'ge Gees aan julle, / wat die krag verleen en trou  
om te wandel in my weë / en my wet te onderhou.  
En jul sal die land van seën / deur my seën weer verkry  
waar 'k 'n God sal wees vir julle, / jul 'n volk sal wees vir My."

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
20 April 2014